# Rondom die Begrafnisdiens

AD PONT

## 1. INLEIDENDE OPMERKINGS

Dit is met 'n gevoel van verlies waarmee ek voldoen aan die versoek van die Redaksie om 'n bydrae te lewer vir 'n huldigingsbundel vir ons ontslape kollega JI de Wet. Ons het 'n lang pad saamgeloop wat begin het in ons studentedae aan UP. Vanaf 1968, toe hy die leerstoel *Praktiese Teologie* in die Fakulteit as éérste professor ten opsigte van dié dissipline, beklee het, het ons mekaar reëlmatig gesien. Maar reeds vóór 1968 was hy op 'n deeltydse basis, terwyl hy studentepredikant in die gemeente Philadelphia was, aan die Opleiding verbonde. Destyds, toe hy die grondslae vir die vakgebied in die Fakulteit moes lê èn daarna, het ons dikwels oor aspekte van dié vakgebied gedagtes gewissel. My doktoraal-studie aan die Rijksuniversiteit te Utrecht waar ek die jare 1952–1954 onder prof dr SHFJ Berkelbach van der Sprenkel in die Praktiese Teologie wegwys gemaak is, het beteken dat ek soms ook 'n bydrae tot dié gesprekke kon lewer. Een van die sake waaroor ons van tyd tot tyd gedagtes gewissel het, was die saak van die *buitengewone erediens*. Daarom het ek gedink dat ek tot sy huldiging, 'n paar historiese en ander opmerkings kan maak oor 'n paar aspekte van die saak wat miskien tot 'n duideliker begrip kan bydra.

## 2. DIE BUITENGEWONE EREDIENS

In ons kerk se *Diensboek* word in die rubriek *Besondere en buitengewone eredienste* 'n hele aantal dergelike eredienste genoem (Diensboek 1978, 25–31). Afgesien van die vraag of almal werklik as *besonder* of *buitengewoon* omskryf *moet* word, kan die grootste vraagteken seker oor die begrafnisdiens en die huweliksbevestiging getrek word. Omdat die saak van die huweliksbevestiging al 'n keer aandag gekry het (AJ Cilliers 1980) word hier in hoofsaak na die begrafnisdiens gekyk.

Wat die begrafnisdiens betref, word die volgende riglyne deur die *Diensboek* neergelê. Allereers word gesê dat daar 'n duidelike onderskeid gemaak moet word tussen die begrafnisdiens èn die teraarde-

bestelling. Laasgenoemde word op grond van Skriftuurlike gegewens (Diensboek 1978, bl 31) as 'n taak en voorreg van die familie beskou. Dán word van die begrafnisdiens gesê:

> "Die begrafnisdiens is, net soos enige ander diens in die kerk, 'n erediens en moet daarom al die kenmerke en elemente van 'n gewone erediens vertoon. Dit vind plaas met al die elemente net soos die Sondagerediens ... Aangesien hierdie diens 'n erediens in die volle sin van die woord is, is opsig deur 'n ouderling noodsaaklik. Die bysyn van 'n diaken is gewens met die oog op die kollekte ..."

Daar bestaan geen twyfel oor die duidelikheid nie en die Algemene Kerkvergadering 1976 het sy standpunt hier skerp, presies en duidelik gestel. In die praktyk van die kerklike lewe, verloop dié saak egter anders. Daaruit kan dadelik die afleiding gemaak word dat die *Diensboek* nié 'n bestaande gebruik omskrywe nie, maar dat riglyne neergelê word om 'n bepaalde praktyk te vorm. Word op die praktyk gelet, dan word dit duidelik dat, ondanks die voorskrifte van die *Diensboek,* die begrafnis nie as 'n buitengewone *gemeentelike* erediens of godsdiensoefening verstaan of gehou word nie. Dit blyk daaruit dat by die begrafnisdiens, slegs by wyse van uitsondering, die Tien Gebooie en die Twaalf Artikels gelees word; dat 'n ouderling feitlik nooit formeel teenwoordig is om die opsig oor die prediking te hou nie en dat van die kollekte by die begrafnisdiens ook niks tereg kom nie. Verder is dit ook so dat met die reël van 'n begrafnisdiens feitlik nooit uitvoering gegee word aan Bep. 5 1 b nie. Opmerklik is ook dat hoewel die kerkraad ten opsigte van die huwelik nog 'n funksie het, volgens die Bepalings, die begrafnisdiens en wat daarmee saamhang, nie eers onder Bep. 5 aangeroer word nie.

Hieruit blyk dat die besluite van die Algemene Kerkvergadering van 1976, met betrekking tot die begrafnisdiens en soos saamgevat in die *Diensboek,* in die gemeente géén neerslag of navolging gevind het nie. Dit is ook opvallend dat die ringsvergaderinge, in hulle opsig oor die kerkraadsvergaderings in hulle ressort, géén aandag gee aan die vraag of die begrafnisdiens volgens die voorskrifte van die Diensboek gehou word nie.

Die feit dat in die gemeentes, oor die algemeen, die begrafnisdiens nié as 'n buitengewone *erediens* aanvaar of hanteer word nie, wys daarop dat die Algemene Kerkvergadering van 1976 'n aantal

besluite geneem het wat nié volgens die voortdurende gewoonte van die Kerk was en is nie. Dit is waarskynlik ook die groot rede waarom die *Diensboek* op hierdie punt geen navolging vind nie. Dit is duidelik dat besluite wat 'n Algemene Kerkvergadering neem en wat nié by die kerkraadsvergadering uitkom nie, uiteindelik in die lug bly hang. Dit dui weer daarop dat by die lede van die Algemene Kerkvergadering nie werklik duidelikheid bestaan oor die dra-krag van sulke besluite nie (AD Pont HTS 38/1, bl 15–18). Maar dit dan net terloops, aangesien dit nie tans daaroor gaan nie.

## 3. ENKELE HISTORIESE OPMERKINGS OOR DIE BEGRAFNISDIENS

Dit is opvallend in die reformatoriese kerklike ordening hoe beslis die begrafnisdiens buite die normale orde en ritme van die gemeentelike lewe gestel word. Dit hang saam met die verregaande verkerkliking, in die pouslike kerk, van die begrafnis en die wanpraktyke wat daar rondom die begrafnis ontstaan het.

In Genève moes Calvyn voor die stadsowerheid swig wat, net soos te Zürich, Bern en Basel, bepaal het dat die begrafnis sonder die medewerking of optrede van die predikant sal geskied. In Straatsburg het Calvyn wèl 'n kerklike begrafnis ingevoer (AD Pont 1981, bl 41). In Nederland, waar die Geneefse gebruike baie gou toonaangewend geword het, is die begrafnis ook nie as 'n gemeentelike of kerklike saak beskou nie. Die Sinode, gehou te Vigne in 1564, het juis om die Roomse bygeloof en bygelowige gebruike te vermy, selfs bepaal dat by begrafnisse nie gebid of gepreek mag word nie (AD Pont 1981, bl 67).

Die Provinsiale Sinode van Dordrecht 1574 het ook die begrafnisdiens as ongewens verklaar (FL Rutgers 1889, bl 142). Dan is dit egter duidelik dat daar nog nie 'n eenvormige praktyk in die reformatoriese kerk in Nederland bestaan het nie. Onder die hoof *Van die Begrauenisse der Dooden* (FL Rutgers 1889, bl 202–203) word in die Acta vermeld–

> "Sommige (predikante) doen ouer alle dooden vermaninge. Sommige alleen ouer den ghenen by de welcke sy in haer syeckte geweest hebben. Sommige en doen ghansch gheen vermaninge ouer den dooden, maar begrauen se sympelick sonder eenige sermonen te doen. Daarom dattet noodich syn

sal dat een yegelijck syn redenen voortbrenge ende datmen daer wt een generael beslot maecke waernae hen alle Gemeenten en Dienaren des woordts sullen reguleren.

Het gebeurt by ons datmen die dooden somtyts soe het arme luyden syn ofte sommige die van de Peste gestorven syn nyet wel en kan tot de begraefnisse crygen door dien datse nyemant dragen en wil.

Item noch soe werden veel lichamen ter aerden gebracht daer nauwelickx acht oft thijen personen, somtyts drie oft vier by syn waer ouer noodich is een goede Politie verordent te werden."

Uit hierdie stuk is dit wel duidelik dat die begrafnisdiens nié 'n vaste onderdeel van die gemeentelike lewe is nie. Oor dié saak het die Nasionale Sinode van Dordrecht 1578 'n baie skerp besluit geneem (FL Rutgers 1889, bl 248–249):

> "Ouermidts het ghebruyck der Lyckpredicken seer sorgherlick is, soo ghevoelen wy, datse in de plaetsen daer se niet en syn, niet en behooren inghevoert te werden. Maar daerse gehwoonlick syn ghehouden te worden ende het ghetal der Dienaeren ghenoeghsaem is, de welcke metgaders den Ouderlinghen de selvighe oordeelen niet onnut te syn, sullense gheduldet worden, ter tyt toe datse ter bequaemer gheleghenheyt sonder erghernisse sullen mogen affghesett worden. Nochtans met deser waerschouwinge datse meer een forme hebben van een onghepremediteerde vermaninghe dan van eene predicatie de welcke van den ghebeden beghonnen ende met danck segghinge ghesloten wordt. Datmen oock in den der affghestoruener seluigen loff niet en vercondighe. Het sal oock der Dienaren Ampt syn sorghe te draghen dat het ghebruyck der clocken de welcke in den Pausdom soo int verscheyden als int begrauen der menschen gheluyt worden, wegh ghenomen werde."

Uit hierdie beslissing wat daarna die standpunt van die Nasionale Sinodes bly, blyk dit dat die begrafnisdiens nooit in die Nederlandse kerke 'n erediens was nie. Waar die predikant wel by die begrafnis betrek is, is slegs 'n huisgodsdiensoefening gehou. Interessant is dat die Sinode hier bepaal dat die woord van die predikant by die begrafnisdiens hoogstens 'n onvoorbereide toesprakie mag wees. Daar is dus nie sprake van 'n preek of van Woordverkondi-

ging nie. Gelet op die orde van die begrafnis wat hier gegee word, is dit duidelik dat dit nié 'n volwaardige godsdiensoefening is nie want hier is nie eers sprake van Skriflesing nie. Opvallend is dat die lui van kerkklokke (om die bose geeste en duiwels te verjaag, volgens die Roomse bygeloof) nóg by die sterwe nóg by die begrafnis toelaatbaar is nie.

Dit is opvallend dat die verskillende Provinsiale Sinodes met klem die Klassikale vergaderings opdrag gegee het om toe te sien dat die besluite van die Nasionale Sinodes, in hierdie verband, uitgevoer word. So het die Provinsiale Sinode van Suid-Holland in 1600, art. 18 vasgestel (J Reitsma en SD van Veen 1894, Dl 3 bl 144).

> "De lijckpredicacien belangende ... zijn de classen vermaendt ende belast metgaders de visitatoren derselven toe te sien, dat se affgeschaffet ende bij den dienaeren, aen dewelcke dat se versocht worden, gheweijgert sullen worden volghende de resolutien, dickwijls hierop ghenomen."

Interessant is dat die Provinsiale Sinode van Gelderland in 1600 ook die besluite van die Nasionale Sinode handhaaf maar dan byvoeg dat waar die predikant wèl 'n begrafnisdiens hou, hy verplig sal wees om dáár die pouslike bygeloof te bestry. Verder word bepaal dat dit verbode is om enige "geschencken" vir dié diens te ontvang (J Reitsma en SD van Veen 1895, Dl 4, bl 84).

Iets van die gebruike waarteen die reformatoriese vadere gestry het, blyk uit die besluit van die Provinsiale Sinode van Groningen, 1602, art. 4 (J Reitsma en SD van Veen 1898, Dl 7, bl 43):

> "... belangende de begreffnisse der doden wordt verclaret, dat bij den begreffenissen alle missbruicken, oick dat die doden ijn die kercken gebracht werden, omme vor der begreffnisse ein gebedt ende predicatie daraver te doende, sullen affgeschaffet werden."

In dié sinodale ressort is predikante wat nie hieraan gehoor wou gee nie, selfs onder sensuur geplaas (J Reitsma en SD van Veen 1898, Dl 7, bl 113). Dit is dus duidelik dat die meerdere vergaderings hierdie saak met groot erns bejeën het. Die kis met die oorledene mag nie in die kerk gebring word vir 'n begrafnisdiens nie en selfs in die kerkhof, by die graf, mag die predikant nié preek nie (J Reitsma en SD van Veen 1898, Dl 7, bl 150).

Die Nasionale Sinodes het in opvolging van die Sinode van Dor-

drecht 1578 feitlik gelykluidende besluite oor begrafnisdienste geneem en die laaste Nasionale Sinode, in die reformatoriese era, dié van Dordrecht 1619, het besluit om waar begrafnisdienste nie gehou word nie, dit nie in te voer nie. Waar dit wel bestaan, moet getrag word om dit af te stel (DKO, art LXV). Van der Linde sê hier (GPL van der Linde 1983, bl 214–215):

> "Die begrafnis mag nie onder die kerklike sakramente of seremonies gereken word nie."

Daarmee is 'n vaste reël in die Nederlandse kerk ingevoer wat met verloop van die tyd 'n algemene gebruik geword het. Selfs met die verandering van die kerklike orde in 1816 het daar, wat die begrafnis betref, géén verandering gekom nie. Dit is opvallend dat onder die besondere pligte van die predikant, die hou van begrafnisdienste nie genoem word nie (C Hooijer 1846, bl 113) en dat die begrafnisdiens ook nie genoem word onder die "kerkelijke vierdagen en plegtigheden" nie. Dan is dit al 'n gewoonte dat die begrafnisdiens 'n suiwer familie-aangeleentheid is. Hoewel die verbod op die predikant se deelname aan so 'n begrafnisdiens nie meer toegepas word nie, is dit duidelik dat die begrafnis buite die gereëlde orde en ritme van die lewe van die gemeente val. Hier was daar ook nie 'n onderskeid wat getref is tussen 'n begrafnisdiens en 'n teraardebestelling nie. Beide was sake van die familie.

Dié Nederlandse kerklike tradisie is óók na Suid-Afrika oorgedra en is hier gevestig. Dit is opvallend dat die lei van begrafnisdienste vir byna drie eeue in ons Afrikaanse kerke nié as deel van die dienswerk van die predikant waardeer is nie. Selfs die Kerkwet van 1951 sien die begrafnis nie as deel van die ampswerk van die predikant nie (Hfstk 15, art 2).

Sover die geskiedenis nagegaan kán word, was dit altyd so dat die familie die taak op hulle geneem het om 'n oorledene te begrawe. Die samekoms van die familie en vriende vóór die ter aarde bestelling is nog tot in die vyftigerjare van hierdie eeu, normaalweg voorgegaan deur 'n *koster*. Hy was gewoonlik een van die ouderlinge van die gemeente. In die twintiger- en dertigerjare was dit ook die uitsondering dat 'n predikant die begrafnisverrigtinge gelei het. Daarby was dit op die platteland die uitsondering dat die familiesamekoms in 'n kerkgebou gehou is. Gewoonlik is òf die sterfhuis of as dit nodig was, op die plaas, 'n skuur of 'n ander groter ruimte gebruik vir die samekoms voorafgaande aan die ter aarde bestelling.

Dit was eers vanaf die laat veertigerjare, toe die nodige geriewe beskikbaar geword het, dat dit 'n min of meer algemene gebruik geword het om 'n kerkgebou vir 'n "begrafnisdiens" te gebruik. Dit was egter, tot in die vyftigerjare, wanneer dit al min of meer 'n algemene gebruik was dat die predikant die leiding van die begrafnis geneem het, nog so dat die predikant nié 'n toga gedra het by die verrigtinge in die kerkgebou nie. Die gebruiklike was om by so 'n geleentheid 'n manel te dra.

Die Algemene Kerkvergadering van 1976 het die eerste maal bepaal dat die begrafnisdiens 'n volwaardige godsdiensoefening van die gemeente is. Dit is egter 'n besluit wat téén die gevestigde gebruik of die voortdurende gewoonte van die kerk ingegaan het. Dit is, uit die praktyk van die kerklike lewe, duidelik dat dié besluit van die Algemene Kerkvergadering nie algemene navolging vind nie.

## 4. IS DIE BEGRAFNIS WERKLIK 'N GEMEENTELIKE GODSDIENSOEFENING?

As die vraag gestel word of die begrafnisdiens werklik 'n buitengewone gemeentelike godsdiensoefening is, dan wil dit voorkom asof die antwoord negatief moet wees. Die begrafnis is nié 'n gemeentelike aangeleentheid nie maar primêr 'n saak van die familie èn die vriende van die familie. Dit blyk nie alleen uit die aard van die samekoms nie maar óók daaruit dat dit nié 'n godsdiensoefening is wat òf deur die kerkraad bepaal is nie (vgl Bep 5.1.b) òf wat vir die gemeente as sodanig bedoel is nie.

Verder is dit so dat by die begrafnisdiens die kerkraad nie normaalweg teenwoordig is en dat daar dus geen formele opsig oor die verkondiging is nie. Daarvoor is, in die lig van die Bevestigingsformulier èn die gewoontereg van die kerk, minstens drie ouderlinge nodig.

In die verbygaan is dit 'n interessante vraag of die teenwoordigheid of afwesigheid van ouderlinge die hou van 'n godsdiensoefening kan bepaal of nie. Die gewoontereg eis dat ouderlinge teenwoordig móét wees om 'n wettige godsdiensoefening te kan hou. Indien egter na die oorsprong van hierdie reël gekyk word, word dit 'n interessante vraag of dit vandag nog as 'n absolute eis gehandhaaf hoef te word, veral in die lig van die feit dat die predikant die kerklike proponentsformule onderteken het en die lidmate ook in

staat is om die kwaliteit van die prediking te beoordeel. Die saak kan tans hierby gelaat word. Tog moet daarop gewys word dat die afwesigheid van ouderlinge om opsig oor die prediking te hou, nog nooit beteken het dat 'n begrafnisdiens nié gehou is nie. Daaruit alleen al blyk dit dat die begrafnisdiens nie as 'n godsdiensoefening waardeer word nie. Daarby is dit ook so dat die opdrag van die *Diensboek* dat 'n diaken by die begrafnisdiens teenwoordig moet wees om 'n kollekte op te neem, feitlik nooit nagekom word nie.

Verder is dit so dat by die meeste begrafnisdienste die gewone elemente van die godsdiensoefening nie voorkom nie. Omdat gewoonlik by die begrafnisdiens geen ouderlinge teenwoordig is nie, is daar ook nie 'n voorleser teenwoordig om die Tien Gebooie en die Twaalf Artikels te lees nie. Sover vasgestel kan word, is dit óók nie 'n algemene gebruik om dié elemente van die godsdiensoefening by die begrafnisdiens in te sluit nie. Veral vandat dit gebruiklik geword het om by die teraardebestelling die Twaalf Artikels te lees, word dit in die kerkgebou nie as element van die begrafnisdiens ingesluit nie.

Wat die prediking by die begrafnisdiens betref, is dit interessant om vas te stel dat die Amerikaanse *Christian Reformed Church* stel dat die verkondiging by die begrafnis 'n "funeral address" en nié 'n "funeral sermon" is nie (I van Dellen and M Monsma, 1969, p 271). Dit is duidelik dat gedurende die periode in ons kerk se geskiedenis waar *die koster* die begrafnisdiens gelei het, daar ook nie juis van prediking as Woordverkondiging gepraat kan word nie. Interessant dan weer dat in Nederland in die laat veertigerjare van ons eeu, dit as normaal beskou word dat die predikant by die begrafnisdiens *preek* (SFHJ Berkelbach van der Sprenkel en PJ Roscam Abbing (red) 1948, bl 218–229). In ons kerk, nadat die lei van begrafnisdienste (Bep 149.1.j) in 1954 deel geword het van die dienswerk van die predikant, is normaalweg aanvaar dat die predikant by die begrafnisdiens sal preek. Die Woordverkondiging met sy sterk vertroostend-vermanende inslag by die begrafnis is dus prediking, of moet aan dieselfde eise voldoen as die prediking by die gewone godsdiensoefening. Al is dit dan so dat die ouderlingopsig ontbreek. Dit is egter opvallend dat nêrens, sover vasgestel kon word, 'n gemotiveerde argument gelewer is vir die noodsaaklikheid dat die predikant by die begrafnisdiens móét préék nie. Dit wil voorkom veral in die lig van die gebruik van die vadere in die 16de en 17de eeu, asof daar 'n sterk argument uitgemaak kan word dat die preek by die

begrafnisdiens nie op dieselfde vlak staan as die Woordverkondiging in die Sondagse godsdiensoefening nie. Moet dit nie veel eerder op dieselfde vlak gestel word as *die oordenking* by die huisgodsdiens nie? Dit wil dus nie sê dat dit as willekeurige of ongebonde Skrifuitleg gewaardeer word nie, maar as 'n troostende of vermanende Skrif-oordenking waarvan die inhoud grotendeels bepaal word deur die omstandighede. Dit staan dus op 'n ánder vlak as *die gemeentelike* godsdiensoefening, aangesien die begrafnisdiens 'n godsdiensoefening ten behoewe van die familie en vriende van die oorledene is. Juis omdat dit so is, is dit nie houdbaar om die begrafnisdiens as 'n *buitengewone gemeentelike godsdiensoefening* te beskou nie.

Alles dui daarop dat daar teruggegaan moet word na die opvatting dat die begrafnisdiens op dieselfde vlak staan as die huisgodsdiens van die familie. Dit blyk ook dááruit dat dit nog maar 'n paar dekades gelede so was dat die begrafnisdiens normaalweg in die sterfhuis gehou is. Dit was eers met die toenemende verstedeliking van die Afrikaner en die beskikbaar word van ander geriewe dat dit gewoonte geword het om die kerkgebou van die gemeente vir die begrafnisdiens te gebruik. Deesdae egter, vanweë die feit dat die meeste begraafplase buite die stede lê, kom die gebruik ook al meer na vore om òf 'n kapel by die begraafplaas òf 'n dergelike ruimte wat die begrafnisondernemer voorsien, vir die begrafnisdiens te gebruik. Juis dáár, in die ander ruimtes as die kerkgebou, is daar nie meer sprake daarvan dat die begrafnis 'n buitengewone gemeentelike godsdiensoefening is nie. Die feit dat die predikant of 'n dienaar van die Woord normaalweg, in ons dae deur die familie gevra word om die begrafnisdiens te lei, neem nog nie weg dat die begrafnis as 'n familie-aangeleentheid waardeer moet word nie. Die feit dat die begrafnis eers vanaf 1954 deur die Algemene Kerkvergadering as deel van die ampswerk van die predikant aangedui word, dui op 'n ouer tradisie waarvolgens ook 'n ander persoon as die predikant 'n begrafnisdiens kan lei sonder dat die orde van die gemeentelike lewe daardeur versteur sal word. Die feit dat die leiding by begrafnisdienste aan die predikant toegewys is (Bep 149.1.j) het waarskynlik tot die onnodige verkerkliking van die begrafnisdiens gelei – so asof die predikant alléén in 'n formele, gemeentelike erediens die Woord kan verkondig. Vir so 'n opvatting bestaan daar in ieder geval géén Skriftuurlike basis nie.

Dit wil voorkom dat die Algemene Kerkvergadering van 1976 en

daarom ook die *Diensboek* in 'n poging om die begrafnisdiens te verkerklik, 'n besluit geneem het wat nie navolging gevind het nie.

## 5. DIE SKEIDING VAN DIE BEGRAFNISDIENS EN DIE TERAARDEBESTELLING

'n Interessante aspek van die reëling van die *Diensboek* is dat duidelik onderskei word tussen die begrafnisdiens enersyds en die teraardebestelling andersyds. Die begrafnisdiens wat as 'n buitengewone gemeentelike godsdiensoefening beskou word, word dan afgesluit met die seën en daarná (of daarvóór?) word *die begrafnisbrief* gelees met die name van die draers en dan word uit die kerkgebou uitbeweeg.

Die teraardebestelling word dan as 'n suiwer familiesaak beskou en die orde wat aanbeveel word is: Skriflesing, sang, dankgebed met as alternatief: Skriflesing, begrafnisformule, sang en dankgebed. Merkwaardig genoeg word die lees van die Twaalf Artikels by die teraardebestelling nié genoem nie.

Waarom daar 'n absolute skeiding tussen die twee elemente van die begrafnis gemaak word, word nêrens gemotiveer of verduidelik nie. Die indruk bestaan dat hier 'n bepaalde verleentheid ondervind is omdat nie rekening gehou is met die werklikheid dat *die hele begrafnisdiens* 'n familie-aangeleentheid is nie.

Dit was vroeër, toe die begrafnisdiens as 'n geheel hanteer is, nog so dat die teraardebestelling normaalweg as deel van die geheel gesien is. Die orde het dan min of meer soos volg verloop: lofsang, Skriflesing, prediking, gebed, (soms is gebed en prediking omgeruil) lees van die die begrafnisbrief, beweeg na die begraafplaas, lied, begrafnisformule, slotgebed. Omdat die sing van 'n psalm of gesang, terwyl die kis in die graf geplaas is, dikwels problematies is, is dié lied met die lees van die Twaalf Artikels vervang. Só was die begrafnisdiens 'n geheel wat daardeur beklemtoon is dat die samekoms dikwels met die votum-seën begin is en met die uitspreek van die seën by die begraafplaas afgesluit is. Dit was vroeër, toe die meeste begrafnisse op die plaas gehou is, ook vanselfsprekend dat daar géén skeiding gemaak is tussen die gebeure in die huis en dié by die kerkhof nie. Geleidelik, in die stad het die gebruik ontstaan om 'n skeiding te maak tussen die diens en die teraardebestelling. Dit is dan ook so dat baie mense nog die diens bywoon, maar dan die teraardebestelling aan die familie oorlaat. Dit is moontlikheid

dat hierdie *Diensboek* van die nood 'n deug gemaak het en so tot die besliste skeiding tussen die diens en die teraardebestelling gekom het. Dit wil egter voorkom dat dit 'n willekeurige skeiding is en daarom ook nie werklik verantwoordbaar is nie.

## 6. SLOTOPMERKINGS

Dit is duidelik dat die Algemene Kerkvergadering van 1976 met sy verkerkliking van die begrafnisdiens, 'n saak ter hand geneem het wat eintlik buite die beslissingsbevoegdheid van 'n sinodale vergadering lê. Hoewel dit waar is dat alleen die Algemene Kerkvergadering besluite oor die vorm, orde en inhoud van die gemeentelike godsdiensoefening kan neem, is dit in die lig van die gewoontereg 'n baie groot vraag of die begrafnis werklik 'n buitengewone *gemeentelike* godsdiensoefening is. Die historiese getuienis spreek baie duidelik daartéén en dit lyk tog nodig dat weer aandag gegee moet word aan die reformatoriese vadere se beslissing dat die begrafnis buite die orde en ritme van die lewe van die gemeente lê.

Dit is natuurlik so dat vir die beantwoording van hierdie probleem daar géén Skriftuurlike gegewens bestaan nie. Dit beteken dat miskien meer as anders die voortdurende gewoonte van die volk van God in ag geneem moet word. Daarby lyk dit nog steeds onnodig dat op die voetspoor van die Roomse en Anglikaanse kerke en sommige ander Engelse kerke die begrafnis weer as 'n kerklik-gemeentelike saak waardeer word.

Inmiddels staan die besluit van die Algemene Kerkvergadering. Die feit egter dat dié besluit weinig navolging vind en dat ook die ringsvergaderings baie min doen om toe te sien dat die begrafnis as 'n buitengewone *gemeentelike* godsdiensoefening hanteer word, sal beteken dat die Algemene Kerkvergadering weer na die saak sal moet kyk. Hopelik sal die Algemene Kerkvergadering, by 'n hersiening van die *Diensboek*, méér aandag gee aan die voortdurende gewoonte wat rondom die begrafnisdiens gegeld het èn vandag nog geld.

Verwysings

BERKELBACH VAN DER SPRENKEL, SFHJ EN PJ ROSCAM ABBING 1948. *Handboek voor de Prediking*. Amsterdam.

CILLIERS AJ 1980. *Die Huwelik-Erediens?* Ongepubliseerde BD-skripsie, UP.

*Diensboek vir gebruik in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*. Pretoria 1978.
HOOYER C 1846. *Kerkelijke wetten voor de Hervormden in het Koningrijk der Nederlanden*. Zaltbommel.
PONT AD s a. Kerk en Struktuur. *Hervormde Teologiese Studies*, Jrg. 38, 15–18.
PONT AD 1981. *Die Historiese Agtergronde van ons Kerklike Reg*. Pretoria.
REITSMA J EN SD VAN VEEN 1894. *Acta der Provinciale en Particuliere Synoden*, Groningen.
RUTGERS FL 1889. *Acta van de Nederlandsche Synoden der Zestiende Eeuw*. Den Haag.
VAN DELLEN I AND M MONSMA 1969. *The Revised Church Order Commentary*. Grand Rapids.
VAN DER LINDE GPL 1983. *Die Kerkorde. 'n Verklaring van die Gereformeerde Kerkorde*. Potchefstroom.